**Sondag 17 Desember**
**Skrifgedeelte: Johannes 6:1-15, 22-35**
**Fokusgedeelte: Johannes 6:11, 15, 24, 26, 35 (AFR53)**
**Jesus, ons daaglikse brood!**

’n Vraag wat ons konfronteer, maar wat ons moet antwoord: Waarvoor soek jy vir Jesus? Wat dink jy moet Hy vir jou gee?

Ons hoor dat hulle Hom gesoek het. Hulle kon Hom nie kry waar Hy die brode en die visse vermeerder het nie. Jesus sê dit vir hulle: *… julle soek My ... omdat julle van die brode geëet en versadig geword het*. Daardie dag toe Hy die brode en visse vermeerder het, het dit hulle baie beïndruk. Hierdie Jesus wat hulle kan versorg, is net die een wat hulle wou hê om oor hulle te regeer. Hulle wou Hom daar en dan met geweld koning oor hulle maak. Hy kon aan hulle behoeftes voorsien. Dis net mooi die verlosser wat hulle wou hê.

Maar ons Here Jesus is nie die verlosser wat húlle wil hê nie. Hy is die Verlosser wat Hý is. Hulle redding lê nie in die feit dat hulle kry wat hulle dink hulle nodig het nie. Dit is nodig dat Hy vir hulle sê wat die verlossing is wat Hy bring. Hy sal daarin voorsien. Hy bring vir hulle die verlossing wat Hy weet hulle nodig het en nie wat hulle dink hulle nodig het nie.

Dis glad nie vreemd wat hier gebeur nie. Ons dink ons weet wat ons nodig het en soek Jesus se verlossing al te maklik net daarvoor. Dit is wat Hy vir ons moet doen en wees: Hy moet net sorg dat ek kry wat ek dink ek in die lewe nodig het. Terwyl Hy gekom het om ons van veel meer te red as net ons liggaamlike behoeftes. Hy het gekom om ons te gee wat ons ware en ewige lewe gee. Hyself! Hy sê: *Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie*. Hy is die brood wat ons elke dag moet inneem en glo om met en in God te kan lewe.

Hy wat in Jesus glo, ons lewe-Gewer en lewe-Onderhouer, sal lewe, al het hulle ook gesterwe.

*Sing: Psalm 107-1:2, 3*

*Ds. DJ Dykstra (Dirk) (Nigel)*